

1 Korintiërs 15:12-34

Ek glo – Hy het opgestaan

Inleiding

- Uiteindelik kom ons by die draaipunt in ons belydenis.
 - Ons staan aan die einde van Christus se vernedering, en nou begin die verheerliking.
- Ons het die laaste paar weke saam geluister wat dit beteken wanneer ons bely – *Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en wat al die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het.*
 - Ons het verlede Sondagand vanuit Romeine 6 gehoor dat ons deur die genade van Christus deur ons doop deel het aan al hierdie lyding van Christus.
 - Die rede dat ons moet deelagtig wees hierin, is sodat ons ook in die verheerliking en oorwinning van Christus kan deel wees.
- Daarom is dit vir ons so belangrik om opreg te glo dat Jesus werklik opgestaan het uit die dood.
 - Daarom word ons ook vanoggend weer verseker van die belangrike aspek van ons geloof – Hy het opgestaan!
 - Christus oorwin die dood en verwerf vir ons geregtigheid.
 - Christus se opstanding wek ons op tot 'n nuwe lewe.
 - Christus se opstanding is vir ons die kosbare belofte van ons opstanding.

Christus oorwin die dood en verwerf vir ons geregtigheid

- Voor ons by die goeie nuus uitkom van die opstanding, kom ons vat 'n oomblik en dink daaraan – Wat as Christus nie opgestaan het uit die dood nie?
 - Wat as ons belydenis stop by “neergedal het na die hel”?
 - Wat as Hy nie opgestaan het en aan sy dissipels verskyn het nie?
 - Wat sou die gevolge vir my en jou gewees het?

- Dan was die troos van die uitstorting van die Heilige Gees nie daar gewees nie, en kan jy maar Handeling 2 uit jou Bybel skeur.
- Dan was jy nie meer as 'n oorwinnaar gewees nie, want dan kan jy nog aangekla word by God, en kan jy maar Romeine 8 uit jou Bybel uitskeur.
- Dan is die genade van Christus nie meer genoeg nie, want daar is nog van God se straf op Hom, en dan kan jy maar 1 Kor. 12 uit jou Bybel uitskeur.
- Dan is daar geen belofte dat ek en jy uit die dood opgewek sal word nie, dan kan ons maar die hele tweede brief aan die Tessalonisense uitskeur.
- Dan vervel die belofte van die nuwe hemel en aarde, en dan kan jy maar Openbaring 21 en 22 ook uitskeur.
- Gemeente sien jy wat die gevolge is as Christus nie opgestaan het uit die dood nie?
 - Dan is daar geen meer goeie nuus nie.
 - Dan is die Bybel niks anders as 'n hartseer tragedie nie.
 - Die hoop wat daar opgesluit is in die Messias het gekom tot niks.
 - Hy was dan nie genoeg om die straf te dra vir al ons sondes nie.
 - En as die sondelose Christus nie die straf kan dra nie, dan is daar niemand wat dit kan doen nie.
 - Dan het ons nie 'n middelaar nie.
 - Dan is daar nie 'n volmaakte offer nie.
- Paulus maak dan 'n baie goeie punt wanneer hy ons bejammerenswaardig noem.
 - Ons word nie uitgelag nie.
 - Ons word jammer gekry.
 - Ag shame – want dit waarin ons hoop opgesluit was kom neer op niks.
- Maar ons weet wat die waarheid is.
 - Hy het opgestaan.
 - Paulus bewys hierdie stelling wanneer hy die hoogste gesag van die dag aanhaal.
 - “Volgens die Skrifte”
 - Hierdie skrifte is in alle waarskynlikheid die eerste skrywes binne 5 jaar na Jesus se kruisiging en opstanding.
- Hierdie skrifte beteken dat die opstanding nie deur hoorsê of skinderstories versprei word nie, maar bewys kan word met gesag.
- Dit is opvallend dat ons bely Jesus het opgestaan en nie “Hy het lewendig geword nie”
 - Hoekom?
 - Want Christus was nooit volkome dood nie.

- As God het Hy nog altyd geleef.
 - In sy menslike vorm het Hy gesterf.
 - Daarom beklemtoon dit ook Christus se godheid wanneer Hyself opstaan uit die dood deur die krag van God.
 - Wanneer ons in Matt. 28 lees van die opstanding van Christus, sien ons dat die engel die klip wegrol voor die graf.
 - Die doel hiervan was nie om vir Jesus die graf oop te maak nie.
 - Toe die engel die graf oopmaak was die graf reeds leeg.
 - Jesus was nooit vasgevang in die graf nie.
 - Die graf is oopgemaak sodat die soldate, die vroue en ook en jy wat vandag hierdie gedeelte lees kan sien dat die graf leeg is.
- Jesus is die Eerste wat uit die dood uit opgestaan het.
- As die Eerste wat uit die dood opgestaan het, het Hy vir ons dit ook moontlik gemaak om opgewek te word uit die dood.
 - Deurdat Christus opgewek is uit die dood, beteken dit dat die straf wat Jesus gedra het, ook genoeg is om die fisiese dood te oorwin.
 - Daarom ontvang ons die geregtigheid.
- Hierdie geregtigheid beteken dat die straf wat die gevolg is van die sonde reeds gedra is, daarom hoef ons nie weer die straf te dra nie.
 - As ons dan sê “God straf my vir my sondes” beteken dit dat ek en jy sê dat Christus se straf nie genoeg was nie.
 - Of selfs dat God onregverdig is deur dieselfde sonde dubbeld te straf.
- Maar Christus se opstanding uit die dood beteken dat ek en jy ook uit die dood opgewek sal word.
 - Voor dit moet ons ook besef dat Christus se opstanding my en jou reeds in hierdie lewe opwek en oproep tot ‘n nuwe lewe.

Christus se opstanding wek ons op tot ‘n nuwe lewe.

- Die hart van ‘n gelowige kan nooit onveranderd bly as jy die goeie nuus hoor nie.
 - Jy kan nie die evangelie hoor, dit glo, maar daar is niks wat verander in jou lewe nie.
- Daarom wek Christus se opstanding ons ook op tot ‘n nuwe lewe.
 - Hierdie nuwe lewe is ‘n lewe van dankbaarheid.

- Dankbaarheid omdat Christus die straf gedra het, sodat jy nie hoef nie.
 - Dankbaarheid omdat Christus deur die hel gegaan het, sodat jy nie hoef nie.
 - Dankbaarheid juis omdat Christus nou ook vir jou 'n nuwe lewe bewerk het.
- Ons lewe van dankbaarheid op aarde is omdat ons mag weet dat hierdie lewe op aarde nie die einde is nie.
 - Dit is nie 'n uurglas wat dreigend uitloop op die hel nie.
 - Hierdie nuwe lewe is 'n vooruitskouing op dit wat vir ons voorlê.
- Daarom roep Paulus ons op in Fill. 2 dat ons soos Christus moet wees.
 - Ons gesindheid moet ooreenstem met die gesindheid wat daar in Christus was sy hele tyd op aarde.
 - Dit beteken dat ek in dankbaarheid nie die waarheid sal wegsteek nie.
 - Ek sal eerlik en opreg die waarheid verkondig en verdedig, want dit is goeie nuus.
 - Ek sal die evangelie verkondig tydig en ontydig, want dit is die rede vir ons hoop.
 - Die evangelie is die rede agter die feit dat ons nuwe lewens het in Christus.
 - Elke aspek van my lewe op aarde moet getuig en wys na die opstanding van Christus.
 - Ons antwoord nie soos die ongelowiges – eet en drink, môre sterf ons – nie.
 - Ons loop oor van dankbaarheid, ons loop oor van die nuwe lewe.
- God het ons geskep met 'n liggaam en 'n siel.
 - In hierdie opsig is ons anders as die engele en die diere.
 - Engele het siele, maar nie liggame nie.
 - Diere het liggame maar nie siele nie.
 - En so sien ons die wapen van die dood.
 - Die dood probeer om die liggaam en siel van mekaar te skei sodat die beeld van God in ons afgebreek word.
 - Dit antwoord Jesus dan ook wanneer Hy ons verseker dat ons met liggaam en met siel aan Hom behoort.

- Deur Christus se oorwinning oor die dood is daar vir die liggaam en die siel ewigheidswaarde gekry, daarom glo ons ook dat ons saam met Christus ook op die bestemde tyd opgewek sal word vir die nuwe lewe.
 - Die enigste manier waarop jy werklik kan wys dat jy glo in die opstanding van Christus is deur dit aan die wêreld te verkondig.
 - Daar waar die Here jou roep en jou plaas by die werk, by jou huis, by die skool, in die dorp, by die gym, daar moet jy getuig dat Jesus Christus opgestaan het.
- Maar ook hier by die kerk moet jy daarvan getuig.
 - Hier waar jou medegelowiges dieselfde bely moet ons mekaar vertroos en bemoedig dat Jesus werklik opgestaan het.
 - Dit lei ons om die vraag aan mekaar te vra – dra ons as gemeente die lig uit dat Jesus Christus opgestaan het uit die dood?
 - Of lyk ons maar net bejammerenswaardig en word ons rondgeslinger deur die valse beeld wat die wêreld wil uitdra?
 - Wanneer ons in hierdie lewe in dankbaarheid die nuwe lewe uitleef, dan wag daar ook vir ons die kosbare belofte van die volmaakte ewige en nuwe lewe voor.

Christus se opstanding is vir ons die kosbare belofte van ons opstanding.

- As die goeie nuus gevolge inhou vir hierdie lewe, dan is dit nie meer goeie nuus nie.
 - En dit is juis hier waar ons die gevolge van Christus se opstanding op so 'n kosbare en troosvolle wyse beleef.
 - Christus se opstanding en ewige lewe, beteken dieselfde vir my en jou.
- Selfs wanneer ons sterf, wanneer die lewe hier op aarde tot 'n einde kom, wag die ewige lewe op elke gelowige wat vashou aan die troos van die opstanding van Christus.
 - Deur sy opstanding word Christus vir ons die waarborg wat vir ons die sekerheid van die ewige lewe gee.
 - Dit vat ons weer terug na die vraag toe – wat as Christus nie opgestaan het uit die dood nie?
- Dan is daar nie meer 'n waarborg nie.
 - Dan is al ons hoop sonder 'n fondament.
 - Dan los dit ons leeg en vegryp ons onself aan die dinge van hierdie lewe omdat daar nie definitief iets hierna vir ons wag nie.

- Daarom is dit so belangrik dat ons vashou aan die sekerheid dat Christus opgestaan het uit die dood.
 - Dit is ons waarborg van die ewige lewe.

Slot:

- As ons so seker kan wees van Christus se lyding en vernedering, hoekom dan nie ook die verheerliking nie?
 - Ons het deel aan Christus se lyding sodat ons ook deel kan wees van die wonderlike verheerliking.
- Deur Christus se sterwe is die hel oorwin, maar deur sy opstanding is die fisiese dood ook oorwin.
 - Daar is dus vir elke gelowige niks anders as die lewe oor nie.
 - Die lewe hier op aarde wat oorloop van dankbaarheid.
- Jesus het opgestaan sodat die beloftes ook waar kan word.
 - Dawid se koningskap staan vir ewig vas.
 - God se volk sal verlos word van die ballingskap.
 - En in Abraham sal al die nasies geseën wees.
- As ons dan nie glo in die opstanding nie, maak ons God tot leuenaar, maar wanneer ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees hierdie belydenis ter harte neem, maak ons ook al die ander beloftes van God ons eie dat ons nie meer die dood hoef te vrees nie, maar in Hom mag lewe tot in ewigheid.